## “Ukuhlangana Kobuntu”: Snydende stryde en solidariteit vir gelykheid in Afrika

**Gibson Ncube***

Lesbiese, gay-, biseksuele, transgender- en interseks- (LGBTI-) regte het die afgelope paar jaar sekerlik n gemengde keerpunt in bereik. Aan die een kant was daar betekenisvolle en bemoedigende vooruitgang, soos die dekriminalisering van selfdegeslagverhoudings in Angola, Botswana, Lesotho, Mosambiek en die Seychelles. Aan die ander kant het LGBTI-regte ook regoor die vasteland groot terugslae beleef. In Maart 2023 het die Ugandese parlement anti-LGBTI-wette aanvaar wat as van die ergste in die wêreld beskou word. Ingevolge hierdie wetgewing kan die doodstraf vir sekere oortredings opgelê word en mense van dieselfde geslag wat seksueel verkeer, kan tot 20 jaar gevangeneskap opgelê word.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die posisie van LGBTI-individue nie enigsins van ander stryde losgemaak is nie. In die vroeë 1990’s het die Suid-Afrikaanse LGBTI en MIV/Vigs-aktivis Simon Nkoli bewys dat LGBTI-mense se stryd direk met ander vorms van stryd en onderdrukking verbind is. Hy het in 1990 gedurende wat as die eerste Pride-optog in Afrika beskou kan word, dit soos volg gedefinieer: “*Die stryd vir ’n demokratiese Suid-Afrika waar almal gelyke regte geniet en elkeen deur die wet beskerm word; wit en swart, mans en vroue, gay en heteroseksueel.” Wat* Nkoli se woorde beklemtoon, is die feit dat onderdrukkings en stryde “interseksionalisties” of snydend van aard is.

Interseksionaliteit verwys na hoe verskillende vorms van onderdrukking met mekaar verband hou. Dit beklemtoon die ingewikkelde maniere waarop veelvuldige vorms van marginalisering ervaar kan word. Die stryd van LGBTI-individue hou byvoorbeeld verband met vroue se stryd. Vroue se stryd in Afrika is onderling met die stryd van swart mense op ’n breër vlak verbind. Dit beteken dus dat verskillende onderdrukte mense en groepe mense uit mekaar se onderdrukking kan leer.

Sambulo Ndlovu, n vakkundige op die gebied van Afrikastudie, verduidelik in dieselfde lig dat dit belangrik is om te kyk na hoe die menswees van sommiges deur die oorheersende mag in twyfel getrek is. Volgens hom is dit dus belangrik om na te dink oor hoe “*patriargie die menslikheid van vroue in twyfel trek, hoe etniese meerderhede die menslikheid van ander betwyfel, heteroseksuele mense trek die menslikheid van homoseksuele mense in twyfel, plaaslike inwoners twyfel oor die menslikheid van vreemdelinge en mense wat nie gestremd is nie, trek die menslikheid van mense met gestremdheid in twyfel*”.

Hoewel ek oor gedeelde stryd en onderdrukking praat, is ek nie onbewus daarvan dat stryd en onderdrukking nie dieselfde is al word dit gedeel nie. Dit kan nie gehomogeniseer word nie. Die stryd van ’n gay man wat in ’n boomryke voorstad woon, kan op geen manier dieselfde wees as die stryd van ’n gay man wat in ’n plakkershut woon nie. Die uitdagings wat ’n wit lesbiese vrou in Kaapstad ondervind, kan op geen manier met die beproewings vergelyk word van ’n swart, lesbiese vrou wat in Kampala woon nie. Gedeelde stryd kan nooit gelyk wees nie Hulle is nooit wit en swart nie.

Die stryd vir sosiale geregtigheid en sosiale gelykheid vereis medewerkende en gesamentlike pogings. Dit is vir my interessant dat die Zoeloe-term vir interseksionaliteit (soos Zandile Manzini dit stel), "ukuhlangana kobuntu", letterlik die samekoms van menslikheid beteken. Enige volhoubare vorm van weerstand en solidariteit moet daarby berus dat dit nie net beteken om mense byeen te bring nie. Wat nodig is om die menslikheid, "ubuntu", van mense te herstel. Die stryd teen onderdrukking vereis dat die menslikheid en menswaardigheid van almal gerespekteer en eerbiedig moet word, ongeag sosiale klas, etnisiteit, politieke affiliasie, seksuele oriëntasie, genderidentiteit of nasionaliteit.

"Ukuhlangana kobuntu" dwing ons om te erken dat die stryd teen diepgewortelde sosiale stelsels soos patriargie, rassisme, homofobie en xenofobie vereis dat ons solidariteit deur gasvryheid en vrygewigheid bout. "Ukuhlangana kobuntu" beteken ook om uit ons gedeelde menslikheid, in die diversiteit daarvang, te put. Daarom druis wat ook al ubuntu of die menslikheid van net een persoon (hetsy deur marginalisering, stigmatisering, etikettering, profilering of geweld) in gevaar stel, in teen die idee van "ukuhlangana kobuntu", wat menslikheid aan elke mens toeken.

Wanneer ons op 25 Mei Afrikadag vier, moet ons die stryd van LGBTI-individue op die vasteland in gedagte hou. Ons moet die reusebydrae van afgestorwe LGBTI-aktiviste soos Simon Nkoli en Noxolo Nogwaza van Suid-Afrika, David Kato van Uganda en Edwin Chiloba van Kenia onthou wat vir die skepping van demokratiese state in Afrika geveg het waar alle mense met waardigheid sonder vrees vir diskriminasie kan lewe. Maar ons moenie net die benaderde posisie van die LGBTI-gemeenskap beklemtoon nie. Ons moet ook die uiteenlopende vorms van onderdrukking onthou wat baie ander groepe in Afrika ondervind. Kom ons gebruik Afrikadag om die aandag te vestig op ander stryde wat nog gevoer moet word, stelsels van onderdrukking wat nog afgebreek moet word en solidariteit wat nog gesmee moet word.

***Dr Gibson Ncube is 'n dosent in die Departement Moderne Vreemde Tale aan die Universiteit Stellenbosch. He is tans 'n genoot van die program vir toekomstige professore (FPP).**